**SKRIFLESING**
Joh 4:1-15; 25-30; 39-42
**Tema**: Saam met Jesus breek ons ons mure af. (Ons sluit in, nie uit nie.)

Jesus red ons van Xenophobie na Xenofilie, van vreemdelinge haat na vreemdelinge liefde. Dalk is ons nie so skuldig aan vreemdelinge haat nie, maar onder ons is daar ’n groot mate van vreemdelinge vrees. Ook hiervan red Jesus ons.

Ons lees in Joh 4:4 dat Jesus deur Samaria moes gaan. Dit was nie die grootpad vir die Jode nie, maar Jesus moes deur Samaria gaan, want Hy het ‘n Goddelike afspraak gehad.

Jesus was saam met sy dissipels oppad van Judea noordwaarts na Galilea. Die Jode het Samaria vermy. Hulle het met ‘n ompad aan die oostekant van die Jordaanrivier na Galilea gereis. Waarom doen hulle dit?
Toe Israel, die Noordelike ryk met Samaria as hoofstad deur Assirië verower is, is talle Israeliete in ballingskap na Assirië weggevoer. Assiriërs is in Israel gevestig om die grond te bewerk en vir vrede te sorg. Grootskaalse ondertrouery het tussen die mense van Samaria en die Assiriërs plaasgevind. Die Jode van Juda, die suidelike ryk, het hierdie mense as onsuiwer groep beskou omdat hulle so verbaster het.
Hulle het hulle gehaat omdat hulle die Joodse volk en godsdiens verraai het. Die woord Samaritaan het ’n skelwoord geword.
Toe die Jode uit hul eie ballingskap terugkeer en die tempel in Jerusalem herbou het, het hulle die Samaritane se hulp afgewys. Die Samaritane het toe hulle eie tempel op die Gerisimberg, waar volgens hulle oorlewering Abraham vir Isak geoffer het, gebou. Die Jode het hierdie tempel afgebreek.
Die Jode het nie met die Samaritane geassosieer nie. Jy praat nie met hulle nie, hulle is onrein. Jy trek nie deur hulle gebied nie, wat nog te sê om by hulle oor te bly.

Die meeste van ons ken die verhaal van die Barmhartige Samaritaan wat Jesus in Luk 10:25-37 vertel. ‘n Man word deur rowers oorval en vir dood langs die pad gelos. Twee kerkleiers sien hom en gaan ver langs verby. ‘n Samaritaan kom red hom en dien hom onvoorwaardelik. En as Jesus vir die wetgeleerde vra: “Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?”, dan antwoord die wetgeleerde in Joh 4:37: “Die een wat aan hom medelye bewys het.” Hy kry dit nie reg om die woord Samaritaan te gebruik nie. Die woord Samaritaan kom nie oor jou lippe nie.

Jesus moes kortpad vat deur Samaria. Langs die pad word Hy moeg en honger en Hy stuur sy dissipels om te gaan kos soek. Hyself gaan sit by ‘n fontein buite die stad Sigar. En dan doen Hy ‘n baie ongewone ding. Hy knoop ‘n gesprek met ‘n Samaritaanse vrou aan. Jesus is inklusief. Hy sluit nie uit nie. Hy sluit in. Hy steek godsdienstige, geslag, kulturele en sosiale grense oor.

Dit is net nie gedoen nie. Volgens Joodse tradisie sou ‘n rabbi in die openbaar nie eens met eie vrou, dogter of suster praat nie. Die dissipels is verbaas dat Hy met ‘n vrou praat. Weet Hy nie dat sy ‘n “outsider” is nie. Sy woon in die verkeerde woonbuurt, sy is van die verkeerde geslag en soort.
Net die feit dat die vrou op 12 uur by die put buite die dorp kom water skep, sê vir ons dat hier iets nie pluis is nie. Water is in die oggend of laatmiddag gehaal wanneer dit koel was. Dit is duidelik dat sy ander mense vermy. Haar reputasie is onder verdenking. Sy het reeds 5 mans gehad en die een by wie sy nou bly is nie haar man nie. Dalk is sy ‘n vrou van losse sedes? Nog ‘n moontlikheid is dat van haar mans dood is. Of dalk het hulle vir haar ‘n skeibrief gegee wat haar as vrou in hierdie tyd weerloos op straat gelaat het. Maak nie saak wat haar verhaal is nie, sy het seerkry, is weerloos en uitgestoot.

Jesus steek al hierdie grense oor, breek mure af en vra vir haar of sy nie vir Hom wil water gee nie. Die gespanne admosfeer blyk duidelik uit haar vyandige reaksie. Julle Jode dink mos dat jule beter is as ons.

Waarom wil jy nou met my kom praatjies aanknoop? 'n Mens hoor eintlik die minagting deurslaan in Joh 4:9: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?" Die vrou beskerm haarself deur grense of mure om haar te bou.
Sy is aanvallend. Die Samaritaanse vrou, om dit lig te stel, hou nie van hierdie Jood nie. Ewe snipperig vra sy vir Jesus hoe Hy, sonder 'n skepding, wil water skep uit die 32m diep put.

Jesus vertel vir haar dat Hy die water van die lewe uitdeel. Dit tref haar diep dat Hy haar lewensverhaal ken. Die Samaritane het die eerste 5 boeke vandie Ou Testament goed geken. Daarom weet die vrou van die Messias wat oppad is en Jesus verseker haar dat Hy dié Messias is.

Iewers breek Jesus die vrou se mure af. Iets kom los in hierdie vrou. Sy besef dat Jesus ten minste 'n profeet moet wees. Hulle het nog nooit voorheen ontmoet nie, tog weet Hy alles van haar af.

En dan doen sy 'n groot ding. Sy los haar waterkruik, dit waarvoor sy eintlik na die put toe gekom het, net daar en sy gaan nooi haar volksgenote, wat smag na die water wat lewe gee, uit. Sy is nog nie oortuig dat Hy Christus is nie, maar sy gaan getuig teenoor die dorpsgenote wat sy in skande en skaamte nie in die oë kon kyk nie. Ons lees in Joh 4:29: "Is Hy nie miskien die Christus nie?" Sy steek grense oor. Sy breek mure af. Baie van die mense van die dorp het tot geloof gekom op grond van die getuienis van die Samaritaanse vrou.

Op grond van die vrou se getuienis gaan van die Samaritane na Jesus toe en die volgende ongehoorde ding van die dag gebeur. Waar die evangelie gebring word gebeur dit. Mure word afgebreek. Die Samaritane het by Jesus, wat 'n Jood was, aangedring dat Hy by hulle bly. Hy het twee dae daar gebly. Baie meer van die inwoners kom tot geloof op grond van wat hulle self by Hom gehoor het.

Gebeure in ons land en die aanslag van die media bou mure tussen mense. Ons moet, soos Jesus, mure afbreek. Waarom moet ons dit doen? Want ons is God se fontein van liefde. Sy hart klop in ons. Ons deel in sy DNA.

As kerk is ons nie 'n Afrikaanse (blanke) kultuurorganisasie nie. Ons is ook nie 'n klub soos 'n gholfklub waar mense moet ledegeld betaal om te behoort nie.

Ons troos ons dikwels dat ons eredienste oop is vir alle mense. Maar min van ons gaan uit om die mense daar buite te gaan ontmoet. As Sy kerk moet ons volg in die voetspore van Jesus. In gehoorsaamheid aan Hom, moet ons grense oorsteek en mense gaan tot geloof in Hom kom.

Hoe steek ons grense oor? Ek doen dit deur mense te "**bless**." In ons pas afgelope ringsitting het een van die dominees hierdie mooi akroniem gebruik:
**"Bless"** staan vir:
**B**id. Bid dat die Here vir jou sal wys waar Hy jou oor grense wil stuur en gaan dan in gehoorsaamheid.
**L**eer ken. Ons ken mekaar nie. Steek doelbewus grense oor na mekaar toe.
**E**et/drink koffie saam.
**"S**erve" Volg die voorbeeld van Jesus. "[45]Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie mense." (Mark 10:45)
**S**torie. Getuig, vertel die mooi stories. Van die politici en sekere individue stook vandag onrus aan. Daar is baie meer mooi omgee verhoudings in ons land as die negatiewe nuus waarmee ons gebombardeer word. Vertel hierdie mooi stories.

**Afsluiting**
Jesus red ons van Xenophobie na Xenofilie, vreemdelingehaat of in ons geval, vreemdelingevrees, na vreemdelingeliefde. Hy maak van ons mense wat opsoek en insluit. Amen